# ATKV-SA AKADEMIEPRYS 2018

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel 'n jaarlikse prysgeld van R60 000 beskikbaar vir die bekroning van ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in 'n betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het, dus R10 000 per artikel. In die geval waar dieselfde outeur die prys vir twee artikels ontvang, word die prysgeld verdeel tussen die twee artikels, dus R5 000 elk. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe. Die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hanteer die keuringsproses.

Artikels wat in 2016 verskyn het en deur redakteurs van geakkrediteerde tydskrifte aan die Akademie voorgelê is, is vir 2018 beoordeel.

Die pryswenners in 2018 is soos volg:

Geesteswetenskappe:

- Prof. H.P. van Coller, Affiliasie: Dept. Tale en Letterkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus vir sy artikel *T.T. Cloete as literêre kritikus, teoretikus en literatuurhistorikus* (Deel 2): *T.T. Cloete as literêr-historiese teoretikus.* Die artikel het verskyn in *Literator – Journal of Literary Criticism, Comparative Linguistics and Literary Studies*, 2016.
- Dr. Cilliers van den Berg, Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat vir twee artikels: *Histerie* en *Perversie* (deel II): '*Slagofferskap' in Der Nazi & der Friseur* (Edgar Hilsenrath) *en 'De joodse messias'* (Arnon Grunberg) wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jg. 56 (3), September 2016 verskyn het en *Mimesis soos beredeneer deur Philippe Lacoue-Labarthe:* '*Horrelpoot*' *(2006) deur Eben Venter as herskrywing van Joseph Conrad se* '*Heart of darkness' wat by LitNet Akademies* Jg. 13 (2), 2016 verskyn het.
- Mnr. Charl Blignaut, *Vakgroep Geskiedenis, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus* vir sy artikel *"Rebellie sonder gewere": vroue se gebruik van kultuur as versetmiddel teen die agtergrond van die ossewa-brandwag se dualistiese karakter* wat verskyn het in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* Jg. 30 (2), Des 2016.
- Me. Izette Bredenkamp en prof. André Wessels, *Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat* vir hulle artikel *Suid-Afrikaanse kapelaansvroue en die Grensoorlog (1966–1989): 'n Gevallestudie van denominale pastorale versorging* wat verskyn het in Joernaal vir Transdissiplinêre navorsing in suidelike Afrika, 2016.
- Prof. Aslam Fataar, Vise-Dekaan: Navorsing en dr. Henry Fillies van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch vir hulle artikel *Die leerpraktyk-vorming van hoërskoolleerders op 'n plattelandse werkersklasdorp* wat verskyn het by *LitNet Akademies* Jg. 13 (2), 2016.
- Dr. Michelle Barnard, Fakulteit Regte, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus vir haar artikel *Koolstofbelasting as voorgestelde ekologiese fiskalehervormingsmaatreël in Suid-Afrika* wat by LitNet Akademies Jg. 13 (3), 2016 verskyn het.

Natuurwetenskappe:

- Prof. Helgard G. Raubenheimer, Departement Chemie en Polimeerwetenskap, Universiteit Stellenbosch vir sy artikel *Au$^{II}$: Skaars of afgeskeep? 'n Kritiese literatuuroorsig* wat verskyn het by *LitNet Akademies* Jg. 13 (2) 2016.
- Proff. Adriaan J. Reinecke en Sophia A. Reinecke en me. Mia van Wyk, Departement Plant- en Dierkunde, Universiteit van Stellenbosch vir hulle artikel *Die geskiktheid van*

*potwurms (Enchytraeidae) en plante om die toksisiteit van olieraffinadery-slik* te toets wat in die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* Vol. 35 (1), 2016 verskyn het.

Die prysgeld sal vanjaar per geleentheid aan die wenners oorhandig word.